

**GESAMENTLIKE PERSVERKLARING OOR DIE ONDERTEKENING VAN 'N
MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING
DEUR SAPD/DPCI EN SARS**

Nuutgevonde akkoord sement verdere samewerking tussen SAPD/DPCI en SARS

Tshwane, 24 Februarie 2023 - Versterkte samewerking tussen SAPD/DPCI (Valke) en SARS word versterk deur die ondertekening van 'n nuwe memorandum van verstandhouding wat die uitruil van inligting, gesamentlike inisiatiewe en meer effektiewe operasionele reëlings aanmoedig ingevolge die taakspan vir finansiële aksie (FATF) se vereistes.

Hierdie historiese memorandum is in Januarie 2023 onderteken deur die SAPD se nasionale kommissaris, generaal Fannie Masemola, die nasionale hoof van die DPCI, luitenant-generaal, Godfrey Lebeya, en SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter.

Hierdie belangrike akkoord, wat onmiddelik binne werking tree, gee 'n hupstoot aan die vermoëns van die land se wetstoepassingsagentskappe om die bekamping van korruksie, belastingontduiking, geldwassery en ander finansiële misdade te versterk en die nasionale finansiële intelligensiestelsel verder te versterk. Dit ondersteep die toewyding van die hoofde van hierdie agentskappe, onder andere, om institusionele vertroue te bou en te versterk by die OECD-werkswinkel oor belastingmisdaad en inter-agentskapsamewerking wat in Julie 2022 in Pretoria gehou is.

Die memorandum reguleer, versterk en formaliseer aangeleenthede van wedersydse samewerking, bystand en uitruil van inligting tussen die drie partye ter voldoening aan hul gepaardgaande wetlike verantwoordelikhede en verpligtinge, soos omskryf in die SARS-wet, die SAPD-wet, of ander wetgewing, veral artikel 17F van die SAPD-wet, artikel 36 van die FIC-wet, artikel 73 van POCA en artikel 34 van PRECCA.

Die memorandum maak voorsiening vir:

- Die rapportering van misdaadklagtes rakende die kommissie van belasting-, doeane- en korruksie-verwante oortredings, om doeltreffende ondersoek en vervolging te verseker.

- Wedersydse samewerking en die deel van inligting, ten opsigte van van oortredings wat binne die wetgewende mandate van die partye val, soos in die vooruitsig gestel deur artikel 73 van POCA, om duplikasie van aktiwiteite te voorkom en optimale gebruik van hulpbronne te verseker.
- Blootlegging van inligting en rekords ten opsigte van verantwoordbare instansies (soos banke, finansiële en wetlike firmas, versekeringsmaatskappye en dobbelhuise), soos omskryf deur artikel 36 van die FIC-wet, wat:
 - a. die opbrengste van onwettige aktiwiteite ontvang het of gaan ontvang;
 - b. vir geldwasserydoeleindes gebruik word of in die toekoms daarvoor gebruik gaan word; of
 - c. deelneem aan 'n verdagte en/of ongewone transaksie of reeks transaksies, soos omskryf in artikel 29(1)(b), saamgelees met artikel 268 van die FIC-wet.
- Toegang tot inligting deur SARS gehou ten opsigte van oortredings buiten belasting, doeane of korruksie, soos deur die wet toegelaat, en
- Die sekondering van personeel om 'n veelvoudige dissiplinêre benadering te toe te pas om nasionale prioriteitsmisdade aan te spreek, soos in die vooruitsig gestel deur artikel 17F van die SAPD-wet,
- SARS se verpligting, soos omskryf in artikel 34 van PRECCA, om enige kennis en/of vermoedelike korruksie, diefstal, bedrog, afpersing, vervalsing of uiting van 'n vervalsde dokument te rapporteer wat 'n bedrag van R100 000 of meer behels, in of teen SARS.

Die partye is daartoe verbind om kennis, vaardighede en 'n verstandhouding van die funksies van die afsonderlike partye te versterk deur inisiatiewe wat opgestel is om kundigheid en vaardighede in gemene areas te versterk. Areas van samewerking wat in die vooruitsig gestel is ten opsigte van beste ondersoekpraktyk sluit in, onder andere, die volgende:

- Forensiese metodes en tegnieke in die ondersoek van finansiële misdade.
- Ontwikkeling en versterking van forensiese ontledingsvermoë.
- Finansiële ondersoek en ontleding van inligting om die finansiële aspekte van 'n misdaad te bepaal.

- Ondersoekmetodologië met die bekamping van misdade binne die mandate van die partye.
- Moderne wetstoepassingstegnieke en die invordering van bewyse en verwante aangeleenthede.

Om vertroulikheid te behou en die bepalings van die memorandum in bedryf te stel, en om te verseker dat die unieke vereistes en mandate van bepaalde ondersoekvermoëns in die SAPD/DPCI en SARS word aangespreek, sal afsonderlike operasionele raamwerk ooreenkomste, wat deel sal vorm van die memorandum, in werking gestel word.

Die partye het ook ingestem om 'n werkende komitee te stig om aangeleenthede van beleid, ondersoek en vervolging van belasting-, doeane- en/of korruksie-verwante oortredings, verskaffing van inligting, nuwe wetgewing, bewysstukvereistes, metodes vir versterking van oordrag van kennis en vaardighede, onopgeloste dispute en enige ander aangeleenthede in verband met die inwerkingstelling en uitvoer van die memorandum, te bespreek.

24 Februarie 2023

Vir meer inligting, kontak:

sarsmedia@sars.gov.za

SAPD: Brigadier Athlenda Mathe

DPCI: Brigadier Nomthandazo Mbambo



Onderskrif:

SARS-kommissaris, mnr. Edward Kieswetter (links) en die nasionale hoof van die DPCI, luitenant-generaal Godfrey Lebeya, het die memorandum tussen SARS en SAPD/DPCI onderteken tydens die bywoning van die FATF hersiening in Rabat, Morokko.